**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL SG**
**(Tweede Vraestel: Literatuurstudie)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 75**

---

**INSTRUKSIES AAN KANDIDATE**:

- Lees asseblief die volgende instruksies sorgvuldig deur voordat jy begin skryf.
- Moenie probeer om deur die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE en merk slegs die vrae wat van toepassing is op die voorgeskrewe werke wat jy bestudeer het.
- Moenie die lengte-instruksies by opstelvrae verontagsaam nie.
- Jy moet VIER vrae in totaal beantwoord.
- Gebruik die puntetoekenning as aanduiding van die verwagte lengte van antwoorde op kontekstuele vrae.
- Spasieer asseblief die kontekstuele vrae se antwoorde deur in die middel van die bladsy te nommer.
- Nommer jou antwoorde in ooreenstemming met die vraagnommers.
- Netjiese en geordende werk sal in jou guns tel.

---

**INHOUDSOPGAWE**

Jy moet ? totaal van vier vrae vir 75 punte beantwoord.

- AFDELING A: TWEE gedigte
- AFDELING B: EEN dramavraag
- AFDELING C: EEN prosavraag

## AFDELING A
## POËSIE

| | | Bladsy | |
|---|---|---|---|
| VRAAG 1: | Lied van die kinders (Lina Spies) | 4 | (12½) |
| | **óf** | | |
| VRAAG 2: | Treursang vir Van der Merwe (Uys Krige) | 6 | (12½) |
| | **óf** | | |
| VRAAG 3: | Karoo-dorp: someraand ( N.P. Van Wyk Louw) | 7 | (12½) |
| | **óf** | | |
| VRAAG 4: | Hippie (W. Stockenström) | 8 | (12½) |

**TOTAAL VIR AFDELING A: [25]**

## AFDELING B
## DRAMA
## *DIE KEISER* – BARTHO SMIT

- Beantwoord Vraag 5 (kontekstuele vrae) óf Vraag 6 (paragraaftipe vrae).
- Indien jy in hierdie afdeling die kontekstuele vrae (Vraag 5) beantwoord, **MOET** jy die paragraaftipe vrae in Afdeling C beantwoord en andersom.
- Hierdie afdeling tel 25 punte.

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 5 (Kontekstuele Vrae) | 10 | (25) |
| **óf** | | |
| VRAAG 6 (Paragraaftipe Vrae) | 12 | (25) |

**TOTAAL VIR AFDELING B: [25]**

## AFDELING C
## PROSA

- Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling.
- Indien jy in Afdeling B die kontekstuele vrae (Vraag 5) beantwoord het, **MOET** jy ? paragraaftipe vraag in Afdeling C beantwoord, en andersom.
- Indien jy nie hierdie voorwaarde nakom nie, sal jy GEEN punte vir Afdeling C verdien nie.
- Dit is verder ook belangrik om die vraag te kies wat van toepassing is op die betrokke roman wat jy behandel het.

**KONTEKSTUELE VRAE:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| VRAAG 7: | ***KRINGE IN 'N BOS*** ( Dalene Matthee) | 14 | (25) |
| VRAAG 8: | ***BY FAKKELLIG*** (Karel Schoeman) | 16 | (25) |
| VRAAG 9: | ***FIELA SE KIND*** (Dalene Matthee) | 18 | (25) |
| VRAAG 10: | ***TOORBERG*** (Etienne van Heerden) | 20 | (25) |

**OF**

**PARAGRAAFTIPE VRAE:** **Bladsy**


| | | | |
|---|---|---|---|
| VRAAG 11: | ***KRINGE IN 'N BOS*** (Dalene Matthee) | 22 | (25) |
| VRAAG 12: | ***BY FAKKELLIG*** (Karel Schoeman) | 23 | (25) |
| VRAAG 13: | ***FIELA SE KIND*** (Dalene Matthee) | 24 | (25) |
| VRAAG 14: | ***TOORBERG*** (Etienne van Heerden) | 24 | (25) |


**TOTAAL VIR AFDELING C: [25]**

**KONTROLEER ASSEBLIEF:**

Jy moet ? totaal van VIER vrae beantwoord.

– 2 gedigte
– 1 dramavraag
– 1 prosavraag

EEN stel kontekstuele vrae en EEN stel paragraaftipe vrae uit Afdelings B en C moet beantwoord word.

---

## AFDELING A
## POËSIE

**INSTRUKSIES**:

- Beantwoord TWEE vrae uit hierdie afdeling.
- Hierdie afdeling tel 25 punte.

### VRAAG 1

Lees die onderstaande gedig, ***Lied van die kinders*** deur Lina Spies, aandagtig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**LIED VAN DIE KINDERS (LINA SPIES)**

"Laat die kindertjies na My toe kom"
Die Joodse seuntjie
wat sy armpies in die lug steek
voor die SS,
sy oë wyd gerek,
op sy mou die groot, geel Dawidster

"Laat die kindertjies na My toe kom"
Die Viëtnamese dogtertjie
oumens-krom aan haar stok geklem
op die slagveld heen en weer
terwyl oor haar bors
? kruisie hang.

"Laat die kindertjies na My toe kom"
Die klein vergete ler

op ? sypaadjie in Belfast
tussen die bloed en bomme
wat opnuut sy land vrymaak.

Laat die kindertjies van Israel na My kom,
gevang in die kruisvuur by Ma'alot –
bang hasies in ? bos wat brand.
Laat hulle kom, die gevreesde koningskinders van my volk
wat die Romeine doodgesteek het
toe in ? stal se stank van mis en bloed,
ek self die Kind van Betlehem was.

Verhinder hulle nie
Herodes
dissipels
soldate
grootmense

Hulle hoort in my koninkryk:
hulle weet van wonde
sonder om te twyfel of te vra.

Laat hulle kom
kinders van Dachau
kinders van Korea
kinders van Saigon

Ek sal hul teen my sy vasdruk
en my hande op hul lê.

**Uit: *Dagreis* (Human en Rousseau)**

1.1 1.1.1 Wie is die ek-spreker in die gedig? (½)

1.1.2 Haal ? versreël in strofe 4 aan om jou antwoord te staaf. (1)

1.2 Noem EEN van die oorloë waarin die kinders gely het. (1)

1.3 Dui die woord **lied** in die titel op ? vrolike lied of op ? droewige lied? Motiveer jou keuse. (2)

1.4 1.4.1 Waarom word die refrein in die gedig **Laat die kindertjies na My toe kom** tussen aanhalingstekens geplaas? (1)

1.4.2 Waarom is die refrein baie gepas binne die gedigkonteks? (1)

1.5 Wat het by **Dachau** (r. 34) gebeur? (1)

1.6 Wat het die persone genoem in r. 26 – 29 gemeen? (1)

1.7 Watter TWEE woorde in strofe 3 is beskrywend van die wreedheid van oorlog? (1)

1.8 Op watter manier word die woord **volk** in r. 21 uitgehef? (1)

1.9 Wat is die funksie van die talle verkleinwoorde in die gedig: seuntjie (r. 2), dogtertjie (r. 8), kindertjies (r. 1, 7, 13, 18) …? (1)

1.10 Wat is God se belofte aan die lydende kinders in r. 37 – 38? (1)
**[12½]**

**OF**

## VRAAG 2

Lees die onderstaande gedig, ***Treursang vir Van der Merwe*** deur Uys Krige, aandagtig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**TREURSANG VIR VAN DER MERWE** (Uys Krige)
*(met die nuusberig, by die ontbyttafel, van ? onbekende se dood)*

Ek merk
mnr. Honor Sint Marnix van der Merwe
het voorverlede awend in die kerk
gestik, gestuiptrek en skielik toe gesterwe.
Die krantberig se taalgebruik is ietwat stroef-verhewe:
In die tempel van God gisteraand presies om kwart-oor-sewe
het hy die Ewigheid aanvaar in ruil vir hierdie tranedal, die
beslommernisse van hierdie lewe.

Ek hoop
sy familiebetrekkinge gedra hulle, is nie so gemeen
om reeds te stribbel oor wie sy kis sal koop,
en dat sy weduwee ? tyd lank eerbiediglik sal ween;
dat om sy graf sal dring ? bonte skare
om hom vaarwel te roep, hy so oud, so sat van jare, maar wat die
Dood betref so jonk, so onervare:
vriende en maats en kennisse, sy vyande en selfs sy skuldenare.

Ek meen
hy het ? goeie slag geslaan: hy's ryk, hy het geërf
die lang, lang Nag oneindig om hom heen.
Vrede en rus en stilte, oplaas verlossing van sy naam het hy
verwerf.
Wie het ooit gedink dat hy doodgewoon moes sterwe
om die Nameloosheid van al sy voorouers, die Groot Vergetelheid
te erwe,

*Wyle mnr. Honor Sint Marnix van der Merwe?*

**Uit: *Gedigte* (J.L. van Schaik)**

2.1 Watter woord in die kursiefgedrukte subtitel sluit by **treursang** in die titel aan? (½)

2.2 Noem EEN tegniek wat die digter in r. 4 gebruik om die sterwensaksie te beklemtoon. (1)

2.3 Met watter menslike swakheid word daar in r. 11 gespot? (1)

2.4 Noem die TWEE sake wat deur middel van die kommapunt in r. 12 geskei word. (2)

2.5 Elke strofe begin met ? kort versreël. Wat is die moontlike rede hiervoor? (1)

2.6 Verskaf EEN rede waarom die spreker in strofe 3 van mening is dat Van der Merwe ? goeie slag geslaan het. (1)

2.7 Wat lei jy af in r. 16 van die volgorde waarin die persone genoem word? (1)

2.8 Haal ? frase in strofe 1 aan waar daar op versagtende wyse na die dood verwys word. (1)

2.9 Met watter woord sou **ween** (r. 12) vervang kon word? (1)

2.10 Watter versreël in strofe 1 word weer in die gedig herhaal? (1)

2.11 Stem jy saam met die spreker in r. 8 dat die lewe baie **beslommernisse** het? Motiveer jou standpunt. (2)

**[12½]**

**OF**

## VRAAG 3

Lees die onderstaande gedig, ***Karoo-dorp: someraand*** deur N.P. Van Wyk Louw, aandagtig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**KAROO-DORP: SOMERAAND (N.P. van Wyk Louw)**

Die laat-middag het room geword
en treine wat ver fluit
en ? wit-bont klaas-skáwagter
wat wag-hou op ? kluit

en rook uit die lokasie rook
en by die dorpsdam sing
en mense in tennisbroekies loop
die koper skemer in

dóér op die nasionale pad
loop motortjies onhoorbaar, hoog;
Oum-Appie-Slagkraal se ou fiets
kom staan, vanself, moeg, voor die oog.

Tant'-Tolie-met-die-kanker kom
sit op die bordienghuis se stoep:
vanaand gaan hoor ons nog hoe sy
die Here en die uile roep.

**Uit: *Tristia* (Human en Rosseau)**

3.1 Noem die TWEE sintuie waarmee die spreker die someraand in strofe 1 waarneem. (2)

3.2 Die titel verwys na **aand**. Skryf die tydsaanduidende woord in strofe 2 neer. (1)

3.3 Watter woord wat in strofe 1 en strofe 2 herhaal word, het ? beklemtoningsfunksie? (1)

3.4 Motiveer uit strofe 4 dat Tant'-Tolie bid. (1)

3.5 Watter aanduiding is daar dat Oum-Appie-Slagkraal ? gereelde besoeker by die **oog** is? (1)

3.6 Hoe verskil Oum-Appie en Tant'-Tolie ten opsigte van hoe hulle hulle sorge hanteer? (2)

3.7 Waarom behoort die leser meer simpatie te hê met Tant'-Tolie as met Oum-Appie? (1)

3.8 Waarna verwys die uitdrukking in r. 16 **… uile roep …**? (1)

3.9 Wat suggereer die f-klank (ver, fluit) in r. 2? (1)

3.10 Waarom, na jou mening, is dit juis in die lokasie (r. 5) waar daar lugbesoedeling voorkom? (1)

3.11 Waarna verwys die "wit-bont klaas-skáwagter" in r. 3? (½)

**[12½]**

**OF**

## VRAAG 4

Lees die onderstaande gedig, ***Hippie*** deur Wilma Stockenström, aandagtig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**HIPPIE (WILMA STOCKENSTRÖM)**

Hy groei
plantaardig uit ? stoel voor ? kafee,
? pers flap, na binne luisterend, na
voetstappe in die kelk, muskietsag,
geslote gemoed met reis om homself.

Hy slaan
? pap handsak oor sy fraiingskouer.
Om huise se kombuise binne te val
sommer saam met die son en die vlieë.
Om gestrand te raak op die rand
van ? stoep, voete in die malvas.
Tot ontsetting van die tuinspinnekop.

Hy onthou
die sinkomheinde werf waar uitgepofte
hoenders slaap om ? verbitterde bloekom.
Baie oumense dut daar. Hulle kraak.

Hulle oë gaan oop soos kwaste in hout,
en sien nie die hobbeltjie kind wat die pad
vat wat wip oor die blindewit duine
en krink om die pofadder se juwelehuis
van sewejaartjies: kleislang in ? kindertuin.

En voort
duimgooi hy na miskien ? genommerde
kamer met ? Gideonsbybel, miskien die ru
bouval van ? malman op ? afgrond, of
die binnevlerksagtheid van ? woud.

En hy skiet
ghrieskleurige hare uit ? apostelgesig
en loop om die tyd in te haal
wat hom vergeet het.

**Uit: *Spieël van water* (Human en Rousseau)**

4.1 ? Ander woord vir hippies is blommekinders. Skryf ? woord uit strofe 1 neer wat aansluit by die blombeeld. (1)

4.2 Watter frase in strofe 1 dui aan dat die hippie stil is en nie baie spraaksaam is nie? (1)

4.3 Watter woord in reël 8 – 9 impliseer dat die hippie onwelkom by huise is? (1)

4.4 Waarna verwys … **? genommerde kamer …** (r. 23 – 24)? (1)

4.5 Skryf ? woord uit strofe 4 neer wat op die hippie se onsekere bestemming sinspeel. (1)

4.6 Gee ? voorbeeld van personifikasie uit r. 15. (1)

4.7 Wat suggereer **sinkomheinde** werf van die hippie se lewensomstandighede as kind? (1)

4.8 4.8.1 Wat let jy op van die beginreëls van elke strofe? (1)

4.8.2 Wat, dink jy, is die moontlike funksie hiervan? (1)

4.9 Waarom word strofe 3 as herinneringstrofe beskou? (1)

4.10 Kan ? mens die hippie ook as ? boemelaar sien? Motiveer jou standpunt. (2)

4.11 Met watter woord sou ... dut ... (r. 16) vervang kan word? (½)

**[12½]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [25]**

AFDELING B
**DRAMA**

***DIE KEISER* – BARTHO SMIT**

**INSTRUKSIES:**

- In hierdie afdeling moet jy EEN vraag beantwoord.
- Jy het ? keuse tussen Vraag 5 (kontekstuele vrae) en Vraag 6 (paragraaftipe vrae).
- Indien jy in hierdie afdeling die kontekstuele vrae beantwoord, **MOET** jy ? paragraaftipe vraag in Afdeling C beantwoord, en andersom.
- Hierdie afdeling tel 25 punte.

**VRAAG 5**

Lees die volgende teksgedeelte uit die drama en beantwoord die vrae wat volg:

| | | |
|---|---|---|
| TIENGELIENG | : | Ja, u Edeles, elke knoop bestaan uit drié diamante soos u sal sien as u mooi kyk. |
| MAARSKALK | : | Drie?! |
| TIENGELIENG | : | Ja, Maarskalk. |
| MAARSKALK | : | Nou lieg jy mos, Vroumens! |
| TIENGELIENG | : | Maarskalk? |
| MAARSKALK | : | Ek sien één diamant in elke knoop. |
| DIPLOMAAT | : | Om die waarheid te sê – ek ook. Maar ek weet ook nie so mooi nie. Hulle is te groot vir een. |
| KULTUUR | : | (*bekyk die knope deur sy vergrootglas*): Een … twee … Daar's inderdaad drie. |
| MAARSKALK | : | Laat ek sien. (*Hy neem Kultuur se vergrootglas en kyk.)* Slaat my dood. Dis wragtig drie. |
| DIPLOMAAT | : | Ongelooflik. |
| MAARSKALK | : | (*gee Kultuur se vergrootglas terug):* Ek sou gesweer het dis een. |
| KULTUUR | : | Hoe't julle hulle so netjies aan mekaar vasgekry? Of is hulle nie vas aan mekaar nie? |
| WEWER | : | Vas, ja. |
| TIENGELIENG | : | Soos u kan sien. |
| MAARSKALK | : | Hoe? |
| HOFNAR | : | Mens plak hulle sommer met spoeg aan mekaar vas, Korporaal. |
| WEWER | : | Vasgesmelt aan mekaar. |
| KULTUUR | : | Vasgesmelt?! |
| MAARSKALK | : | Sover ék weet, is ? diamant die hardste ding ter wêreld. |
| KULTUUR | : | Hoe? |
| WEWER | : | Te ingewikkeld om nou te verduidelik, u Edeles. Sê maar met ? laserstraal. |
| KULTUUR | : | Ek sien. |
| TIENGELIENG | : | Nou ja, u Edeles, Maarskalk – voordat ons by die wonderbáádjie kom … |
| DIPLOMAAT | : | Ek kan nie wág om dít te sien nie. |
| MAARSKALK | : | Ja, as dit mooier as die onderbaadjie … (*Daar's ? klop aan die deur en die Kamerheer kom vervaard binne. Hy fluister iets vir Kultuur.)* |
| KULTUUR | : | (*geskok):* Wat?! Maar dis tog onmoontlik! |
| | | *************************** |

b.o.

HOFNAR : Maar hulle sal jóú glo, my Kroon – want jy's die Keiser. Praat met hulle! Sê vir hulle!
KEISER : En as daar klere ís – en net hulle Keiser en sy Nar kan dit nie sien nie?
HOFNAR : Lyk vir my daar bly vir ons net één ding oor om te doen, my Kroon.
KEISER : Wat?
HOFNAR : Ons sal maar moet saamspeel en moet máák of ons ook sien wat hulle sien.
KEISER : En dan?
HOFNAR : Dan loop my Kroon maar met die onderbroek in die optog.
KEISER : (*met groeiende ontsteltenis):* Nar!
HOFNAR : Dis mos nie so erg nie, my Kroon. Ek meen – die onderbroek maak mos darem toe wat moet toe wees …
KEISER : Stil! (*Die Nar swyg.)* Hoe dúrf jy?!
HOFNAR : (*uit die veld geslaan):* My Kroon?
KEISER : Hoe dúrf jy so van jou Keiser praat?!
HOFNAR : My Kroon …? (*Die Keiser loop na die venster; die Nar volg hom.)* Sorrie, my Kroon.
KEISER : (*ruk homself reg):* Toe maar. Dis my senuwees wat begin deurskaaf.
HOFNAR : Dis oor my Kroon nooit vannag geslaap het nie.
KEISER : As ek net kon weet, net kon gló daar ís klere en dis net ek en jy wat hulle nie kan sien nie … (*Hy probeer deur die venster sien wat onder in die strate aangaan.)* Maak oop. (*Die Nar maak die venster oop en albei kyk uit. Oor die lawaai heen:)* Wat maak hulle?
HOFNAR : Hulle dans, my Kroon. Kyk hoe vol is die strate – en almal dans! Kyk dáár, my Kroon! (*Die Keiser staar ? oomblik uit asof hy gehipnotiseer is; dan draai hy skielik sy rug op die venster en druk sy ore toe.)*
KEISER : Maak toe! Maak toe die venster! Maak tóé! (*Die Nar maak haastig die venster toe. Dan klou die Keiser hom skielik wanhopig vas.)* Nar, ek kan nie! Help my! Jy moet my help! Ek kán nie!
HOFNAR : Toe maar, my Kroon … Toe maar, my Kroontjie …
KEISER : Ek kan nie kaal tussen al daardie mense gaan loop nie! Ek kán nie! Ek sal liewer sterf ...
HOFNAR : My Kroon!
KEISER : Ek kan nie! Ek kan nie! Ek kan nie!
HOFNAR : (*streng)*: Keiser! Ruk jou reg!

5.1 Waarom is dit juis Tiengelieng (r. 1) wat ? beskrywing van die knoop gee? (1)

5.2 Hoe word daar in r. 2 aangedui dat Maarskalk verbaas is? (1)

5.3 Het Kultuur en Maarskalk rede om ? vergrootglas (r. 9 en r. 10) te gebruik om die knope te bekyk? Motiveer jou standpunt. (2)

5.4 5.4.1 Watter aanspreekvorm gebruik Hofnar as hy Kultuur aanspreek? (1)

5.4.2 Waarom gebruik hy hierdie aanspreekvorm vir Kultuur? (1)

5.5 Waarom spreek Tiengelieng die Wewer elders in die drama as "Chief" aan? (1)

5.6 Watter eienskappe sou die wonderbaadjie (r. 26) volgens die Wewer hê? (1)

5.7 Met wie spot Hofnar in r. 19? (1)

5.8 Waarom voltooi Maarskalk nie sy sin in r. 28 nie? (1)

5.9 Wat, dink jy, het die Kamerheer aan Kultuur gefluister (r. 30) wat hom so geskok het? (1)

5.10 Na wie verwys Hofnar in r. 32 met die voornaamwoord "hulle"? (1)

5.11 5.11.1 Die optog (r. 40) is die hoogtepunt van die feesvierings. Wat was die rede vir die feesvierings? (1)

5.11.2 Haal ? frase in r. 51 – 59 aan wat dui op die volk se opgewondenheid. (1)

5.12 Hoe verskil die Nar se houding in r. 48 van sy houding in r. 69? (2)

5.13 Besef die Nar dat die Keiser ontsteld is (r. 41)?
Motiveer jou standpunt. (2)

5.14 Wat dui die herhaling van die woorde "Ek kan nie" (r. 66 en 68) van die Keiser se gemoedstoestand aan? (1)

5.15 Lees weer r. 50. Watter dilemma / innerlike konflik het die Keiser die hele nag wakker gehou? (1)

5.16 Watter teenstellende opdragte gee die Keiser vir Nar in r. 53 en r. 60? (2)

5.17 Wat gebeur as die Keiser wel aan die einde sonder klere "tussen al daardie mense" (r. 65) in die optog loop? (1)

5.18 Dink jy dis regverdig teenoor die Keiserin dat die Keiser die Nar as sy vertroueling kies (r. 34 – 65) en nie vir haar nie? Motiveer jou standpunt. (2)
**[25]**

**OF**

**VRAAG 6**

6.1 Skryf ? opstel oor die drie ministers: Diplomaat, Maarskalk en Kultuur in 200 – 250 woorde met verwysing na die volgende:

- Hul take in die regering, die verontagsaming van hul pligte en hul bedrog teenoor die Keiser
- Die Nar se aanspreekvorme vir elk van hulle en wat hy daarmee te kenne probeer gee
- Wat uiteindelik met elk van hulle gebeur
- Jou eie mening oor die geloofwaardigheid daarvan dat hulle die Keiser vir so lank – 50 jaar – kon bedrieg (15)

6.2 Die Keiser bedoel dit goed met sy land en volk, maar het as leier gebreke en begaan foute. Bespreek hierdie stelling in ? opstel van 180 – 200 woorde en gee aandag aan die volgende aspekte:

- Die goeie bedoelinge van die Keiser vir sy volk
- Die foute wat hy begaan
- Jou eie mening of hy ? swak / goeie Keiser was (10)

**[25]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [25]**

AFDELING C

**PROSA**

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord slegs EEN vraag uit hierdie afdeling.
- Indien jy in Afdeling B reeds die **kontekstuele** tipe vrae beantwoord het, **MOET** jy nou die **paragraaftipe** vrae beantwoord, en andersom. Indien jy nie hierdie vereiste nakom nie, sal jy GEEN punte vir Afdeling C verdien nie!
- Dit is verder ook belangrik dat jy slegs uit die roman wat jy gedurende die jaar bestudeer het die kontekstuele of paragraaftipe vrae beantwoord.
- Hierdie afdeling tel 25 punte.

**KONTEKSTUELE VRAE:**

Beantwoord hier **Vraag 7** óf **Vraag 8** óf **Vraag 9** óf **Vraag 10**, afhangende van die roman wat jy gedurende die jaar bestudeer het.

**VRAAG 7**

***KRINGE IN 'N BOS*** – Dalene Matthee

Bestudeer die volgende teksfragmente en beantwoord die vrae wat daaroor gestel is.

Daar was nêrens ? brug van sy wêreld na hare toe nie, alleen sy kon na syne toe kom. Skelm. Deur haar kon hy haar wêreld verken.

"Het jy die dame gesien wat verlede Woensdag met die *Morning Star* aangekom het?" het sy die Sondag gevra.

"Ja. Ek het gehelp om haar trommels op die wa te kry. Kom sy ? winkel oopmaak?"

"Nee! Dis ons dansonderwyseres. Miss Hunter. Sy gaan ons leer dans en sy gaan ons leer om reg te loop en te sit …"

Hy moes lag. "Is julle nou simpel? Julle kán mos loop en sit!"

"Ek het ook so gedink, maar Mamma sê ek moet leer om dit soos ? dame te doen. En miss Hunter gaan ons leer om met waterverf te skilder."

"En die dansery?"

"Ons het gister ons eerste les gehad. Veertien meisies en vyftien seuns. Dis nie so lekker soos die tekenklasse nie."

"Julle is darem snaakse mense."

"Hoe ver is jy met *David Copperfield?"*

"Hy het so pas by sy tante Trotwood aangeland."

"Hou jy daarvan?"

"Ek verstaan nie alles nie."

Kate het hom geleer om Engels te lees. Ná die derde les het sy hom die Sondag ? snaakse ding gevra:

"Hoekom is jy dan slim?"

"Moes ek dan onnooslik gewees het?"

"Hulle sê dan julle is dom."

"Wie is dom?"

"Die bosmense."

"Wie sê ons is dom?"

"Aag …" Sy het haar skouers opgetrek. "Baie mense sê dit."

"Wie ken ons wat kan sê ons is dom?"

"Daar is dan nie eers ? skool in die Bos nie. Jy het dit self gesê."

"Dis nog nie te sê ons is dom nie, Kate MacDonald!"

"Hoekom bou julle dan nie ? skool nie?"

"Wie sal in hom kom skoolhou en waar gaan hy staan? Die helfte van die kinders sal net mooi teen die aand by die skool aankom."

"Dan kan julle mos baie skole bou!"

*************

Waarom hou jy jou so eenkant, Saul? Jy gaan saam met ons dorp toe, jy deel in die vrolikheid, maar jy bly op ? afstand. Hoekom? Is ons uitlanders dan vir jou só onaanvaarbaar?"

"Nee. Sommige van julle is goeie mense; dis net dat ons bosmense eenkant mense is."

Maande tevore, toe Crompton en Morris begin aanhou het dat hy oor naweke met hulle moes saamgaan dorp toe, het hy eers geweier en toe later, in ? oomblik van eensaamheid, ingestem en dit saam met hulle gewaag. Hy was nie net verras om in verskeie huise tuis te voel nie, maar ook omdat hy die okkasies begin geniet het …

"Waar woon jou mense?" het Crompton aangehou neul.

"In die Bos."

> "Woon jy by húlle?"
>
> "Nee. En ek delf in elk geval net totdat ek genoeg het, dan loop ek."
>
> Dit was Crompton se beurt om te lag. "Dan sal jy die eerste delwer wees waarvan ek weet wat genoeg gekry het. Gewoonlik loop hulle van honger. Of om uit hierdie bos te kom!"
>
> "Ek is nie ? delwer in die sin waarin julle dit is nie."
>
> "Wat is jy dan?" vra Crompton verbaas.

7.1 In r. 2 word na **haar wêreld** en in r. 1 na **sy wêreld** verwys.

7.1.1 Na watter groep mense verwys "haar wêreld"? (1)

7.1.2 Na watter groep mense verwys "sy wêreld"? (1)

7.2 Op watter wyse word die woord **Skelm** in r. 2 uitgehef? (1)

7.3 Waarom is die naam ***Morning Star*** r. 3 kursief gedruk? (1)

7.4 Waarom vind die gesprek tussen Saul en Kate juis op ? Sondag (r. 4) plaas? (1)

7.5 Wat is die funksie van die ellips in r. 8? (1)

7.6 Skryf ? woord uit r. 7 – 15 neer wat aandui dat Saul sy gesprek met Kate aangenaam gevind het. (1)

7.7 Watter TWEE sake word met behulp van die vergelyking in r. 14 teenoor mekaar gestel? (2)

7.8 Met watter taal was Saul vertroud as Kate hom Engels moes leer lees (r. 20)? (1)

7.9 Waarom is ***David Copperfield*** (r. 16) kursief gedruk? (1)

7.10 Watter lewensles leer Kate in r. 22 – 24? (1)

7.11 Noem TWEE redes waarom daar geen skool vir die bosmense bestaan nie (r. 30). (2)

7.12 Waarom is Kate naïef deur voor te stel dat die bosmense baie skole bou (r. 35)? (1)

7.13 Haal die frase in r. 36 – 40 aan wat aandui dat Saul hom steeds met die bosmense identifiseer. (1)

7.14 Verduidelik hoe Saul se lewensomstandighede verskil in die twee aangehaalde uittreksels (r. 1 – 35, en r. 36 – 54). (2)

7.15 In watter opsig verskil Saul van die ander delwers (r. 53)? (2)

7.16 Wie is **Crompton** (r. 54)? (1)

7.17 7.17.1 Word **brug** (r. 1) letterlik of figuurlik gebruik? (1)

7.17.2 Motiveer jou antwoord. (1)

7.18 Lees weer die vraag wat aan Saul gestel word in r. 54. Wat, dink jy, is Saul se grootste ideaal in hierdie roman? (2)

**[25]**

**OF**

## VRAAG 8

## *BY FAKKELLIG* – Karel Schoeman

Bestudeer die volgende teksfragmente en beantwoord die vrae wat daaroor gestel is.

David kyk op, kwaad oor die manier waarop die man sy gedagtes geraai het, en nie seker of hy met hom spot nie, maar hy praat nog met Alice. "Hulle het geen kwaad bedoel nie, milady," sê hy sag, asof hy haar probeer gerusstel. "Hulle het net soveel van u goedheid gehoor, en toe hulle u sien, het hulle op u toegesak."

David vererg hom daaroor toe hy sien dat Alice na die man luister; vererg hom oor die vrypostigheid van die vent wat sy sweep beetgegryp het, wat hom met ? Latynse aanhaling aangespreek het asof hulle gelykes is, hy wat nou so astrant op hul rytuig saamry en vertroulik met Alice gesels. Sy skyn egter niks daarvan te merk nie.

"Ek het geskrik toe hulle so om ons saamdrom – dankie dat jy ons kom help het. Kan ons jou êrens heen neem? Waar bly jy?"

"Naby Donore, milady, maar ek gaan nie nou al terug nie. Ek wou net seker maak dat u veilig is."

"Hou dan stil, David, dan kan hy afklim." Hulle het die dorp al agtergelaat, en David hou stil langs die pad.

"Boer jy?" vra Alice die man.

Hy bly staan langs die sjees. "Ek is skoolmeester, milady."

"Skoolmeester? Ek het nie eers geweet daar is ? skool naby Donore nie."

"U moet ons eendag kom besoek, milady: ons sal geëerd wees. Nou met die mooiweer is ons skool op die heuwel agter O Ríordáin se skuur by Ard na Croise. U sal altyd welkom wees." Hy buig vir hulle. "Tot siens, milady, milord," en toe verdwyn hy oor ? steg, verlore agter die heinings.

"Ek het gehoop ons sal hom weer ontmoet," sê Alice terwyl hulle voortry.

"Hy het ? interessante gesig, vind jy nie?"

"Geeneen van die boerevolk lyk vir my innemend nie," antwoord David.

"O, jy kan tog sien hy is nie ? gewone boer nie. Hy is veel meer ontwikkeld."

*********

"Ek vra jou nie om verskoning nie," sê hy vinnig, ek vertel jou net. Daardie eerste middag in die boerehut, toe jy daar ingekom het met jou skoonsuster – julle was so helder gewees in die donker, so sorgeloos, met julle goeie klere. Ek onthou sy het ? wit rok aangehad, en ? groot hoed met blomme en rooskleurige linte. Ek was afgunstig gewees op julle, op jóú veral; ek het jou byna gehaat, vir alles wat jy het, alles wat jy is – ek wou jou bespotlik laat lyk, tóé, en later. Maar dit was net afguns. Ek weet nie …"

Hy kyk na die grond. Hy is sy spottende, skertsende manier van praat weer kwyt, en sy skielike openhartigheid laat David verbaas voel, asof hy nou skielik ? vreemdeling geword het, ? ander mens.

"Waarom het jy my dan gehelp?" vra David. "Met O Máille?"

"Deels omdat ek hóm gehaat het – iedereen het. Maar deels … Seker maar omdat ek vriende wou wees met jou."

“Met mý?”

“Ja.”

Hulle is stil.

“Ek het nog nooit vriende gehad nie,” sê David uiteindelik; ? feit wat hy vir homself noem sonder om om te gee of iemand luister.

“Ek ook eintlik nie, nie werklike vriende nie. Maar waarom ek jóú moes kies, weet ek nie, van al die ongeskikte mense wat daar is. Miskien net omdat ek geweet het dat jy ánders is – kyk hoe kan ek my voor jou staan en ontboesem.”

8.1 Verduidelik kortliks ná watter bepaalde gebeurtenis hierdie gesprek (r. 1 – 27) plaasvind. (2)

8.2 Waarna verwys Alice se … **goedheid** … (r. 4)? (1)

8.3 Haal ? woord uit r. 1 – 7 aan wat dui op David se negatiewe houding. (1)

8.4 Waarom beskou David die vreemdeling nie as sy … **gelyke** ... (r. 8) nie? (1)

8.5 Wat is ? … **sjees** … (r. 18)? (1)

8.6 8.6.1 Watter aanspreekvorm gebruik die vreemdeling as hy Alice aanspreek? (1)

8.6.2 Waarom gebruik hy hierdie aanspreekwyse? (1)

8.7 Wat is die funksie van die dubbelpunt in r. 20? (1)

8.8 Verduidelik in EEN sin die kontras tussen die twee ruimtes: **Donore** (r. 19) en **Ard na Croise** (r. 21). (2)

8.9 Om watter rede beskryf Alice die vreemdeling as … **ontwikkeld** … (r. 27)? (1)

8.10 Het David volgens jou mening geweet van die skool naby Donore (r. 19)? Motiveer jou standpunt. (2)

8.11 In watter opsig dui David se woorde in r. 26 en Liam se woorde in r. 46 ? verandering in David se lewenshouding aan? (2)

8.12 Wat was die rede daardie middag vir David en Alice se besoek aan die boerehut (r. 28 – 29)? (1)

8.13 Watter woord in r. 30 sluit aan by … **boerehut** … in r. 29? (1)

8.14 Skryf ? sin in r. 39 – 45 neer wat daarop dui dat David sy lewe lank ? eensame mens is. (1)

8.15 Verduidelik wat die woord ... **ontboesem** … (r. 48) beteken. (1)

8.16 In watter opsig was David anders (r. 48) as die ander grondeienaars? (1)

8.17 Lees weer r. 39. Waarom was O Máille so ? gehate persoon? (1)

8.18 Wat is die rede vir David se verbasing in r. 41? (1)

8.19 Is dit volgens jou mening ? goeie gewoonte dat jý sélf kies met wie jy bevriend wil wees (r. 46)? Motiveer jou standpunt. (2)

**[25]**

## VRAAG 9
## *FIELA SE KIND* – Dalene Matthee

Bestudeer die volgende teksfragmente en beantwoord die vrae wat daaroor gestel is.

"Dis vir my baie duidelik dat hier iets verkeerd is en dat julle ? kombers daaroor gooi. Het julle weer moeilikheid met die Laghaans?" Selling se kop het stadig vorentoe begin sak. Sy het Petrus nie geantwoord nie. "Is dit geld, Fiela? Los jou trots en praat uit." Sy het hom net bly aankyk. "Is een van die kinders in die moeilikheid?" Selling se kop het soos ? dronk mens s? oor sy bors gerol en sy wou vir hom skree: Kyk op! Moenie dat hulle sien ons is verslaan nie! "Fiela," Petrus het ongeduldig geraak, "moenie my hand wegklap as ek hom na jou toe uitsteek nie. Ek vra jou weer: is een van die kinders in die moeilikheid?"

Selling se kop het regop gekom. "Sê vir baas Petrus, Fiela, sê hom," het hy verby al haar keer en haar trots gebars.

"Dan is ek reg, hier is iets verkeerd."

Sy kon dit meer toehou nie. As die mens eers aan ? miernes begin karring het, hou hy nie op voordat alles wat toegemessel was, nie oop lê nie.

Sy het haar skouers regop geruk en Petrus dit reguit en bitter gesê: "Ja, Petrus Zondagh, hier ís iets verkeerd. Die Komoeties is moer toe gestamp!"

"Fiela!"

"Bly stil, Selling!" Die wêreld het voor haar gebewe. "Loop sê vir die Kloof hulle kan nou maar begin praat en lekker kry; hulle het Benjamin kom vat."

Sy het Petrus se oë in sy kop sien verstar, hom stomgeslaan sien sit soos een wat ? raaisel moet uitdink, en toe het sy hom begin vertel. Alles. Van die dag van die vredestoorders af. Dit het uit haar uit gekook totdat sy hees was en die skaduwees teen die muur begin rek het.

"Hoekom het jy my nie eerder gesê nie, Fiela?" het Petrus haar verwyt. "Wat kon jy gewen het het deur dit weg te steek?"

"Hulle het gesê hulle sou hom die Saterdag terugbring. Ek, onnooslik, het hulle geglo omdat dit al was wat ek kon doen!"

Selling se kop was weer op sy bors, sy hele lyf was slap.

Onder in die laagte het die kiewiet geskree en bo by die klipkraal het die bok geblêr om gemelk te word.

"Fiela," daar was jammerte in Petrus se praat, "dis ? harde ding dié. Ek sou alles gedoen het om te voorkom dat dit so moes gebeur. Maar daar is een ding wat ons nie vandag kan wegskel nie, en dit is dat dit die een of ander dag móés kom."

"Hoekom?" het sy hom uitgedaag.

"Benjamin was ? optelkind."

“Nee, baas Petrus, nou praat jy mis. Praat die waarheid van jou hart en sê: omdat Benjamin ? *wit* optelkind was. As hy bruin was soos ons, het g? kraai sy bek daaroor gerek nie.”

“Sou jy dit goedgekeur het as die Laghaans ? wit optelkind grootgemaak het?” het Petrus haar in haar eie hoek gejaag. “Hulle is ook bruin.”

“Jy kry bruin en bruin soos jy wit en wit kry, Petrus Zondagh. Moenie om die waarheid kom loop deur dit te vergeet nie.” Sy was op haar voete van ontsteltenis, maar haar kop was te moeg om vir haar woorde te gee om voort te stry. “Ek sê vir julle, Fiela Komoetie sal nie gaan lê nie. Sy sal hom loop soek al moet sy agter elke boom in daardie bos loop soek. Die bosvrou sal in mý gesig moet kom sê wat haar kind daardie dag aangehad het. Ek sal haar daar loop uithaal om dit te kom sê.”

9.1 Wat was die rede vir hierdie besoek van Petrus aan Fiela-hulle? (1)

9.2 9.2.1 Word die uitdrukking … **? kombers daaroor gooi** … (r. 2) letterlik of figuurlik bedoel? (1)

9.2.2 Motiveer jou standpunt. (1)

9.3 Watter aanspreekvorm gebruik Selling vir Petrus? (1)

9.4 Watter karaktereienskap van Fiela word in r. 4 én r. 12 uitgelig? (1)

9.5 Hoe verskil Selling se handeling in r. 3 van sy handeling in r. 11? (2)

9.6 Verduidelik in jou eie woorde wat Fiela bedoel met **Die Komoeties is moer toe gestamp** (r. 18 – 19). (1)

9.7 Om watter rede sou die Kloof se mense hulle verheug dat Benjamin van Fiela weggeneem is (r. 21 – 23)? (1)

9.8 Na wie verwys die **vredestoorders** (r. 26)? (1)

9.9 Fiela het nie geldelike probleme gehad nie (r. 4). Noem EEN manier hoe sy ? inkomste verdien het. (1)

9.10 Waarom is Petrus **stomgeslaan** (r. 24)? (1)

9.11 Skryf ? frase in r. 27 neer wat verband hou met die sin in r. 14 **Sy kon dit nie meer toehou nie**. (1)

9.12 Waarom word **móés** (r. 39) beklemtoon? (1)

9.13 9.13.1 Watter een van Fiela se eie kinders het haar die meeste probleme besorg? (1)

9.13.2 Motiveer jou keuse. (1)

9.14 Waarom is die woord ***wit*** (r. 43) kursief gedruk? (1)

9.15 Stem jy saam met Fiela se redenasie in r. 43 – 44 **As hy bruin was soos ons, het g? kraai sy bek daaroor gerek nie**? Motiveer jou standpunt. (2)

9.16 Neem jy die **bosvrou** (r. 53) dit kwalik dat sy Benjamin as haar eie seun geëien het? Motiveer jou standpunt. (2)

9.17 9.17.1 Wie was die **Laghaans** (r. 45)? (1)

9.17.2 Waarom het Fiela geen respek vir hul gehad nie, soos blyk uit r. 45 – 47? (1)

9.18 Na watter tipe mense (ongeag hul velkleur) word daar deur middel van die vergelyking in r. 48 verwys: **Jy kry bruin en bruin, soos jy wit en wit kry …**? (2)

**[25]**

**OF**

## VRAAG 10
## *TOORBERG* – Ettienne van Heerden

Bestudeer die volgende teksfragmente en beantwoord die vrae wat daaroor gestel is.

"Ek is die magistraat," sê hy dan. "Magistraat Van der Ligt. Ek kom uit die stad. Ek kom die dood van Noag Moolman ondersoek." "? Jaar later?" Kaatjie Danster voel hoendervel oor haar kom en sy hoor weer, kompleet soos ? jaar gelede toe sy Druppeltjie in die pac gekry het, die kolganse teen Toorberg se kranse roep. "Veertien maande," sê die magistraat. Hy kyk om hom: na die herd met die ysterpot vol koue pap langs die bondels fyn hout, die afgeslagte konyn aan ? haak langs die vuurmaakplek, die kombuiskas met patroongeknipte koerantvelle waarop blikbekers en -borde en enkele stukke porseleir gerangskik staan. In die hoek staan ? kitaar met ? voos kol soos die speler se vingers daaroor gestryk het. ? Klos velle hang van ? balk. "Wie se kitaar is dit?" vra hy. Kaatjie Danster skrik. "Dis myne," sê sy vinnig. "Kan u speel?" Die magistraat glimlag. "Nee, meneer. Ek ken nie snare nie." "Maar dit lyk of daar ? hand oor hom was." Die magistraat stap na die kitaar en tel dit op. Hy bestudeer die snare van naderby. Kaatjie Danster trek haar oë nou. "Dis my jongste seun s?," sê sy ná ? ruk. "Oneday Riet. Hy is van die kerk." "O." Versigtig maak die magistraat weer die kitaar teen die muur staan. Die klerk draai ongemaklik rond. "Ek wens ek kon speel," sê die magistraat en beduie na sy arm. Kaatjie trek haar oë op skrefies. "Dis die eerste magistraat wat in die Stiefveld kom," sê sy. "Daar's ? rede." Die magistraat se oë speel met haar. "Sodra u ons nooi om te sit, sal ek u meer vertel." "Meisie Pool!" roep Kaatjie na die afskorting. Meisie kom skaam uit. Sy't intussen rooi lipstiffie aangesit, maar die baba op haar arm het dit oor haar wang gesmeer. "Middag, Edelagbare," groet sy. "Middag." "Meisie, bring die sitbankies van buite in. Die Edelagbares wil praat. Kook water. Toe, toe, steek brand die herd!" Kaartjie begin ineens skarrel en die magistraat en die klerk gaan sit op die bankies wat Meisie van

buite aandra. Terwyl hulle op die koffie wag, kom sit Kaatjie voor die magistraat. Sy vou haar arms en trek haar doek laag oor haar voorkop. “Hier kom nie aldag geleerde mense nie, Edelagbare,” sê sy. Die magistraat trek sy skouers op “Ek hoop nie u gee om nie, mevrou Danster.” Sy skud haar kop driftig. “Dis vir my ? eerbare dag.” “Kyk,” en die magistraat steek ? sigaar aan, “die regering het my gestuur om die saak van Noag du Pisani te ondersoek.”

*********

? Abel is ? Abel, het die mense meewarig gesê. As StamAbel nie meer daar is nie, is OuAbel daar, en as hy sterf, is Abel daar, en ná hom kom DwarsAbel, die soldaat. Oneday vat oor sy oor. En dit is die einde, dink hy, vir mý en vir jóú, DwarsAbel, ons met die vlek oor die oor. Al een wat oorbly, is Koevert Moolman, hy wat nie eens met sy klompie beeste geboer kon kry nie, al was die veld en die beeste verniet. Binne ? jaar het hy uitgeboer. So, dit is verby. En dít, besef Shala skielk toe hy die sinkhuisies nader, is die boodskap wat hy aan Oneday wil oordra. Hy klop aan ? deur. Iemand loer deur die venster voordat die deur oopgaan. “Is dit jy, John?” vra die man aan hom. “Ja, dis ek,” antwoord Shala. Vier mans sit in die skemer om ? tafel en kaart speel. “Ons hoor Abel is dood,” sê die een. Shala kyk verbaas na hulle. “En ek bring juis die tyding …” “Ons het al boodskap gestuur na Oneday,” Weer is hy verras. Hy knik en gaan sit om te kyk hoe hulle speel. ? Trein kom verby en Shala onthou hoe Oneday by die eerste saamtrek kort-kort moes ophou praat elke keer as ? trein verbygekom het. Die volgende keer het die man met die swart kar die opwekkertjie en die luidsprekers gebring. “Oneday sal bly wees om te hoor Abel Moolman is dood,” sê een van die mans. Shala kyk ? rukkie na hul hande wat die kaarte rats optel en neergooi. “Ek weet nie,” antwoord hy sag. “Ek weet nie of hy bly sal wees nie.”

10.1 Wat is die doel van die magistraat se gesprek met Kaatjie in r.1 – 42? (1)

10.2 Was Noag bekend as ? **Moolman** (r. 2) of ? **Du Pisani** (r. 42)? (1)

10.3 Waarom het KênsTillie haar seun na **Noag** vernoem? (1)

10.4 Hoe het Noag die bynaam **Druppeltjie** (r. 4) gekry? (1)

10.5 Watter leesteken in r. 3 dui op Kaatjie se verbasing? (1)

10.6 Watter karaktertrek van die magistraat word in r. 6 uitgelig as hy vir Kaatjie sê **Veertien maande**? (1)

10.7 Watter EEN van die magistraat se voorliefdes word in r. 39 – r. 42 genoem? (1)

10.8 Wat is die funksie van die dubbelpunt in r. 6? (1)

10.9 Haal ? frase in r. 7 – 10 aan wat Kaatjie-hulle se armoedige bestaan aandui. (1)

10.10 Waarom, na jou mening, antwoord Kaatjie … **vinnig** … (r. 13)? (1)

10.11 Hoeveel seuns het Kaatjie gehad? (1)

10.12 Verduidelik wat beteken **… dit lyk of daar ? hand oor hom was**. (r. 16) (1)

10.13 10.13.1 Watter gebrek het die magistraat gehad (r. 22)? (1)

10.13.2 Met watter ander karakter in die verhaal toon hy ? verband as gevolg van hierdie gebrek? (1)

10.14 Watter beroep het Oneday (r. 19) beoefen? (1)

10.15 Het die magistraat daarin geslaag om ? misdadiger in sy verslag aan te wys nadat sy ondersoek na die dood van Noag ten einde geloop het (r. 41– 42)? Motiveer jou standpunt. (2)

10.16 Verduidelik in watter opsig dit die **… einde** (r. 45 – 46) is vir Shala en DwarsAbel. (2)

10.17 Wat het gebeur met die beeste waarmee Koevert geboer het (r. 47 – 49)? (1)

10.18 Wat is die rede vir Shala se verbasing in r. 57? (1)

10.19 Is dit volgens jou mening **… verby …** (r. 50) met die Moolmans? Motiveer jou standpunt. (2)

10.20 Dink jy dis gevoelloos van die man om te sê dat Oneday bly sal wees oor die dood van Abel (r. 63)? Motiveer jou standpunt. (2)
**[25]**

**OF**

**PARAGRAAFTIPE VRAE**

Beantwoord hier **Vraag 11** óf **12** óf **13** óf **14**, afhangende van die roman wat jy gedurende die jaar behandel het. Hou streng by die vereiste lengtes en gee baie aandag aan jou taalgebruik en skryfstyl.

**VRAAG 11**
***KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee**

11.1 By die lees van hierdie roman kry die leser ? goeie beeld van Saul weens die uiteenlopende sienings wat verskillende karakters / groepe mense van hom het. Bespreek hierdie uiteenlopende sienings in 200 – 250 woorde en gee veral aandag aan die volgende aspekte:

- Joram Barnard (sy pa) se siening van Saul
- Jozef se siening van Saul
- MacDonald se siening van Saul
- Die delwers se siening van Saul
- Jou eie mening of Saul ? sterk karakter met hoë ideale, of ? swak karakter met baie foute en gebreke is (15)

11.2 Die ruimtelike verwysing "Bos" in die titel, ***Kringe in ? Bos***, beklemtoon die belangrikheid van die milieu (ruimte) vir die voortbestaan van die karakters. Bespreek hierdie stelling in 180 – 200 woorde deur veral aandag te skenk aan die volgende aspekte:

- Die Bos as tuiste en lewensbron van die houtkappers
- Die Bos as bron van inkomste vir die houtkopers
- Die Bos as bron van inkomste vir die delwers
- Saul as beskermer van die Bos
- Is die Bos as bron van inkomste volgens jou mening volhoubaar? Motiveer jou standpunt. (10)

**[25]**

**OF**

## VRAAG 12
## *BY FAKKELLIG* – Karel Schoeman

12.1 Talle mense sterf in die romanverhaal, dog dis veral DRIE karakters se dood wat breedvoerig beskryf word. Bespreek in 200 – 250 woorde die omstandighede van hul sterfte (asook die begrafnis), en die effek wat hul heengaan op die gemeenskap gehad het met verwysing na die volgende:

- Sir Thomas Walsingham
- O Máille
- Die ou Ierse boerevrou
- Dui aan of die drie karakters se dood enige effek gehad het op David. (15)

12.2 Die leefwyse en lewenshouding van die Protestantse predikant, dominee Burnwood, kontrasteer met die leefwyse en lewenshouding van die Katolieke priester, vader O Floinn. Bespreek hierdie kontraste in 180 – 200 woorde met verwysing na die volgende aspekte:

- Die kontras in hul leefwyse
- Die kontras in hul Kersfeesdienste
- Die kontras in hul houding teenoor die boerevolk
- Die kontras in hul gevoeligheid oor status en stand
- Jou opinie oor watter een van die twee predikers as ware herder van hul gemeente opgetree het (10)

**[25]**

**OF**

## VRAAG 13
## *FIELA SE KIND* – Dalene Matthee

13.1 Met die lees van hierdie roman is die identiteitskrisis wat Benjamin Komoetie wedervaar opmerklik. Hy twyfel of hy Lukas van Rooyen kan wees. Bespreek hierdie twyfel by Benjamin in 200 – 250 woorde met verwysing na die volgende aspekte:

- Benjamin as Fiela se hanskind
- Die onsekerheid wat die sensusmanne daarstel
- Sy verblyf by die see wat sy onsekerheid vererger
- Barta se rol in sy identiteitskrisis
- Moet Fiela volgens jou mening enige skuldlas dra vir die identiteitskrisis wat Benjamin beleef? Motiveer jou standpunt. (15)

13.2 Selling en Barta is karakters wat in die skadu van hul wederhelftes – Fiela en Elias – leef. Vergelyk in 180 – 200 woorde dié twee, Selling en Barta, se ondergeskikte rolle, asook die donker geheime waarmee hul leef deur na die volgende aspekte te verwys:

- In watter opsig Fiela die hoof van die Komoetie-gesin is en nie Selling nie
- Selling se donker geheim en hoe dit hom en Fiela se lewe beïnvloed het
- Die onderlinge verhouding tussen Barta en Elias
- Barta se donker geheim, en hoe dit ander se lewens beïnvloed het
- Met watter karakter het jy meer simpatie: Selling of Barta? Motiveer jou standpunt. (10)

**[25]**

**OF**

## VRAAG 14
## *TOORBERG* – Etienne van Heerden

14.1 Die Abels (Moolmanfamilie) het te wyte aan hul verbete lewenshouding familietwis en skeiding in hul geledere veroorsaak. Bespreek in 200 – 250 woorde die **familietwis,** die **skeiding** en die **lewensomstandighede** van die Moolmanfamilie deur na die volgende familiegroepe te verwys:

- Die familietwiste wat aanleiding gegee het tot die skeuring
- Die lewensomstandighede van die Moolmanfamilie op Toorberg
- Die lewensomstandighede van die StiefMoolmans op die rand van Toorberg
- Die lewensomstandighede van die Skaamfamilie aan die buitewyke van Toorberg
- Dui aan met watter familiegroep jy die meeste simpatie het. Motiveer jou standpunt. (15)

14.2 Die bonatuurlike speel ? belangrike rol in dié roman. Bespreek in 180 – 200 woorde in watter opsig die volgende karakters tot hierdie magiese stemming bydra:

- KênsTillie
- Noag
- Die dooies
- Die Slams
- Watter karakter het volgens jou mening die meeste tot hierdie bonatuurlike stemming bygedra? Motiveer jou standpunt. (10)

**[25]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [25]**

**TOTAAL: 75**

**EINDE**